



AVE: 20414.06 (ZAR)

Eiendomsbestuur

Openbare kuns vat vlam

Die gebied bekend as 012central is vinnig besig om die kunshart van Tshwane te word met verskeie openbare kunsstukke wat in die hart van die sentrale sakekern van die hoofstad versteek is.


Daar is tans meer as tien stukke openbare kuns wat die publiek kan geniet. City Property, die strategiese vennoot agter 012central, het die opdragte vir al dié werke gegee. Dié eiendomsbestuurmaatskappy glo dat die kuns- en kreatiewe area as katalisator sal dien om nuwe lewe en groei in die middestad te blaas.

Jeffrey Wapnick, besturende direkteur van City Property, verduidelik dat openbare kuns baie belangrik is. Dit betrek mense.

"Ons het 012central gebruik as 'n geleentheid om aan kunstenaars opdrag te gee om openbare kuns te skep en dit is baie goed ontvang. Mettertyd sal daar kans wees om selfs meer te doen.

"Dit was altyd ons bedoeling om ons rol in die stad te gebruik as 'n voertuig waardeur Tshwane in 'n stad met 'n lewendige siel verander kon word," sê Wapnick.

"Ons verbintenis tot kuns in die stad is deel daarvan en vorm 'n deel van ons groter mikpunt om




stedelike transformasie aan te vuur in die stad wat ons liefhet."

Die openbare kuns is so gewild dat 012central 'n kaart saamgestel het vir mense wat belangstel om daarna te kom kyk wanneer hulle die area besoek. Die kaart kan

ook by die inligtingstalletjie by die hoofingang van 012central verkry word.

Die stukke, wat deur bekende en ontlukende kunstenaars geskep is, vertel elk hul eie storie en is daarop gemik om die vele



wanindrukke oor stedelike sentra in Suid-Afrika teë te werk.

"Houses" deur die internasionaal bekroonde landskapkustenaar Strijdom van der Merwe het 'n tuiste gevind in die binnehof van 012central. Die huise verwys

Openbare kunswerke soos dié van Hannelie Coetzee (links) en Rasty is in opdrag van die eiendomsbestuurmaatskappy City Property geskep as deel van die hernuwingsproses van die middestad. FOTO: 012CENTRAL

na dié soort wat jy in die bordspel Monopoly sal aantref. Hulle word vier keer vermenigvuldig as 'n teken van sukses is word geplaas teenoor die stedelike en growwe geboue in die buurt.

Dis byna asof die 2 m x 3 m grootte glas- en porseleinmosaïek van "Tant Koek" gedurende die restaurasie van die buurt ontdek is. Dié werk deur visuele kunstenaar Hannelie Coetzee is 'n eerbetoon aan haar groot tante, wat volgens Coetzee nooit getroud is nie. Sy het blykbaar haar liefde in die oorlog verloor.

Die Graffiti-jaart deur graffiti-kunstenaar Rasty was die eerste installasie by 012central en dié kleurvolle agtergrond is al vir foto-, video- en middagete-sessies gebruik.

As jy deel wil raak van die hernuwing van die hoofstad, maak kontak met 012central op sosiale media of stuur 'n e-pos aan info@012central.co.za.